

# ONS ERFENIS

## PROTESTANTSE REVEILLE

*Die Mondstuk van die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika (1925)*

**HERVORMINGSUITGAWE VOL 71**

## 'n Tyd om te Volhard

***“Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee”  
(Openbaring 2:10)***

### Vallei van Visie

Teen die agtergrond van ons moeilike tye en die gepaardgaande swartgalligheid, maak die Here Jesus 'n deur van geleentheid vir Sy getroue dienaars oop ten spyte van hulle min krag (Jesaja 22:5,22 en Openbaring 3:7-8). Die vallei van die skaduwee met sy bedreigende 'doodsvonnis' word 'n vallei van visie en nie die einde van die pad nie.

John Wycliffe in sy 'nag' van ernstige siekte het in geloof vir die vitterige monnike om sy bed gesê *“Ek sal nie sterwe nie, ek sal lewe en van die dade van die Here getuig”* (Psalm 118:17). Inderdaad was die treë van hierdie goeie man deur die Here beveel – Wycliffe het opgestaan en die 'Môrester van die Hervorming' geword. Soos Johannes die Doper in 'n sin, het hy die weg voorberei vir die Hervormer en profeet, Martin Luther, die lofprijs van Jesus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Luther self het soos alle mense met sterk roepings van God geleer dat Sy sterkte in hulle swakheid perfek gemaak word. CH Spurgeon, toe hy die geïnspireerde werke van die Puritein, Thomas Brooks aangehaal het, het geskryf:

***“Dit was 'n soete waarneming vir Luther dat toe God hom aangestel het vir enige spesiale diens vir die goed van die Kerk, hy gewoonlik neergevel is deur een of ander siekte!”***

Die Here het baie swak instrumente gekies, sodat Hy alleen die eer moet kry. Hy vorm bedieninge uit 'niemande' wat net die oë op Hom kan vestig in die dag van klein dingetjies.

'n Treffende voorbeeld is Saul Solomon (waaroor 'n artikel geskryf is in *Protestantse Reveille, Derde Kwartaal, 2014*). Ten spyte van die feit dat hy 'n klein dwergagtige mannetjie was, het hy in morele gestalte gegroei as 'n staatsman in die ou Kaapkolonie, tot die 'Gladstone van Afrika'. Soos Solomon se biograaf (sy seun) dit gepas gestel het: *“Daar is nie in die geskiedenis 'n meer vertroostende gesig as die verleentheid van mag wanneer dit in 'n stryd met swakheid gewikkel word nie.”* (Wat van die *French Chambers* publikasie geneem word.)

### Berge van Uitdaging

Daar is baie berge hier en oorsee wat voor die dienaars van Jesus staan, en wat soortgelyk is aan die Apostel Paulus se ingang in Macedonië: *“...ons (het) geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorg”* (2 Korintiërs 7:5).

Die ontsaglike hoeveelheid gevegte en hulle ingewikkeldheid wat die ware Kerk in die gesig staar, wat dikwels Dawid se uiteenlopende groep mense in die moeilikheid wat van

‘n goddelose verlede verlos is, gedeeltelik verteenwoordig, is oorweldigend. Daar is blatante aggressie teen die Evangelie van vrede; politieke inmenging met godsdienstige vryheid; en verwarring aangesien die vyand die Kerk binnegetree het met party mense wat ons Here se eksklusiewe aanspraak op verlossing ontken (Johannes 14:6). Dit, saam met kompromie, apatie en ‘die Onverdraagsaamheid van Verdraagsaamheid’ staan strak voor ons, als te veel vir die vlees te oorkom, want hierdie verskeie strome dreig om die Geloof wat vroeër aan die heiliges gelewer is, te laat skipbreuk ly (Judas 3). Die vader van moderne gesangskryf, Isaac Watts, het amper ‘n senuwee-instorting gehad toe hy vir ‘n oomblik oorweldig is, wat vir my die Kerk goed uitbeeld wat oorgelewer word aan sy vyande:

***“My siel word soos een of ander waardelose stukkie drywende kurk van brander tot brander geslinger.”***

### **Wees Getrou tot die Dood toe**

‘n Mens se hoofstuk in hierdie wêreld is baie kort, en sommige van ons, insluitende die skrywer, maak nou op vir verlore jare. Ons sal hopelik genade en krag ontvang om dié wêreld te verlaat terwyl ons steeds staan en vashou aan die Evangelie van Jesus Christus, onopgesmuk met mensgemaakte tierlantyntjies. Ek was hartseer om te lees van die patriarg van die Negentiende-Eeuse Evangeliegesindheid (*‘Evangelicalism’*) in Brittanje, John Angell James van Carrs Lane, Birmingham. Na hy so ‘n goeie invloed vir jonger predikante was, het hy later die Waarheid versag, sodat ‘n mens nie ‘die Kruis van die blomme’ kon onderskei in sy prediking nie!

Soos ons die jaar binnegaan wat lei tot die 500ste herdenking van die Protestantse Hervorming (31 Oktober 2017), mag jy versterk word in jou voorneme om getrou aan God te wees. Die volgende aanhaling weerspreek nie die sowereiniteit van God nie, maar is bedoel om ‘n mens aan te spoor tot aksie *‘nie met mag en krag nie, maar deur my Gees’* (Sag. 4:6):

***“Charles E Cowman was ‘n nederige man ... maar God het vir hom ‘n visie gegee.***

***Wat God jou help om te sien kan waar word.***

***Wat KAN wees MOET wees. Daarom LAAT dit so wees.***

***God het jou op dié tyd in die wêreld gestuur.***

***Daar is niemand anders in die wêreld soos jy nie....***

***Hy wil jou gebruik.... Hy gee vir jou ‘n visie.’***

(Mev. Charles Cowman in *The Vision Lives*, deur BH Pearson).

### **The Church's one foundation**

Skrywer: S. J. Stone (1866)

***Mid toil and tribulation, and tumult of her war,  
she waits the consummation of peace forevermore,  
till with the vision glorious her longing eyes are blest,  
and the great church victorious shall be the church at rest.***

--Craig Hounsom (Redakteur)

***‘Foute maak seer, die waarheid genees; foute is die wortel van sonde, die waarheid, van reinheid en volmaaktheid.’***(Horatius Bonar -- *God’s Way of Holiness*)

***Richard Baxter was bewus dat ‘n paar mal ‘eiesinnige’– selfbetitelde – predikante sou opstaan, en het geskryf:***

***“Dit is beter dat mense onordelik gered moet word as ordelik verdoem, en dat die Kerk onordelik behou moet word as ordelik vernietig.”***

(Dr Eiffon Evans in sy boek oor Daniel Rowland). Dr Evans voeg by:

***‘As ‘n keuse gemaak sou word, kom die lewe voor orde.’***

# Katharina von Bora – van Non tot Beminde Eggenote

Katharina von Bora was die vrou van die groot Bybelvertaler en Hervormer, dr. Martin Luther. Sy is op 29 Januarie 1499 in Sakse gebore. Haar moeder is jonk oorlede. Toe haar vader, Hans von Bora, 'n edelman met 'n matige inkomste, weer getrou het, het hy die vyfjarige na 'n klooster gestuur. Daar het sy haar jong jare deurgebring, terwyl sy geleer het van heiliges en legendes, en omring was deur relieke, altesaam 367, vermoedelik van Christus se krip, kruis, kroon, en kleed.

Toe Katharina begin skoolgaan het, het Martin Luther, 'n briljante jong regstudent, nadat hy amper deur weerlig doodgeslaan was, by die Augustynse klooster in Erfurt aangesluit. Daar, in boetedoening en sielsangs het hy probeer om God se versekering van regverdiging te vind. Die Kerk kon ongelukkig nie vir hom help nie. Pous Julius II was besig om Sint-Pieterskerk in Rome in groot prag te herbou en het die groot fondse wat nodig was ingesamel deur aflate (kwytskelding vir die vergifnis van sondes) te verkoop. Hierdie is op 'n besondere skandalige manier gesmous deur 'n monnik genaamd Tetzl. Martin Luther was woedend. *“Die regverdige sal uit die geloof lewe,”* het hy gesê. Dit is net die Skrif, net genade, net geloof, en inderdaad net Christus Self, wat 'n mens met God kan versoen. Op 31 Oktober 1517 het hy 95 Stellings teen die deur van die Kasteelkerk van sy gemeente in Wittenberg vasgespyker, en sy leer het soos 'n reinigende vuur oor Europa versprei. Nie die Pous of die Keiser kon hom stilmaak nie, want sy hart en gedagtes was vasgevang deur die Woord van God.

Katharina von Bora het haar godsdienstige geloftes in 1515 afgelê, maar sy was soos baie ander ook deur die leer van Luther aangeraak. Sy was ontnugter deur die waardelose geloftes wat sy gedoen het en wou haar lewe as 'n non opgee. Maar haar familieledede was bang vir die wet en wou haar nie help nie. Dus het sy en agt ander nonne na Martin Luther om hulp gedraai. Laasgenoemde het 'n vroom ou vriend, Leonhard Koppe, gehad, wat vaatjies vol harders by die klooster afgelewer het. Hierdie man het die nege vlugtelinge in die geheim opgetel, hulle versteek in sy toe wa en hulle na Wittenberg geneem. Dit was die vooraand van Paasdag, 5 April 1523, die herdenking van Christus se Opstanding. Luther het vir die meisies gesorg en binne twee jaar was die meeste van hulle getroud. Om skande te vermy, het hy 'n brief aan die Protestantse Kerke gestuur om sy optrede te regverdig, want hy het reg verwag dat dit 'n algemene vlug van nonne en monnike sou ontloot.

In Wittenberg het Katharina eers by die Reichenbach gesin gebly, en toe by die Cranach gesin. Lukas Cranach was die Hertog se hofskilder en die burgemeester van Wittenberg. Hy het later haar portret ook geskilder, maar hy kon nie haar gees vasvang nie! Sy was nie beeldskoon nie, maar lewendig en aantreklik. Erasmus van Rotterdam (bl. 8) het haar beskryf as 'innemend en aangenaam'. Sy was godsdienstig, selfversekerd, pligsgetrou en hardwerkend. Luther het eers gedink sy was hoogmoedig. Daarom het hy by tye haar later skertsend 'Mein Herr Käthe' genoem.

Toe sy in Wittenberg was, het Katharina verlief geraak op die vroom edelman Hieronymus Baumgärtner. Hy het haar ook baie liefgehad, maar sy familie was gekant teen 'n huwelik met 'n 'non wat weggeloop het'. Toe 'n ander teoloog, dr. Glatz, met haar wou trou, het sy nee gesê, en het 'n vriend van Luther gevra om as bemiddelaar vir haar op te tree: *“Moet my asseblief nie met dr. Glatz laat trou nie,”* het sy gesê. Sy sou bereid wees om met Nikolaus von Amsdorf of Luther self te trou -- maar met niemand anders nie.

Tot dan het Luther nog nie aan trou gedink nie, want hy het met goeie rede gevoel dat sy lewe bedreig was deur die Pous, Kerk, en Keiser. Maar hy het besef dat om selibaat te moet

bly 'n instrument van pouslike onderdrukking was, en aangespreek moes word as deel van die Hervorming. Want die Bybel sê:

*“As iemand graag ouderling wil wees, begeer hy 'n voortreflike werk. 'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf ... Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen ...”* (1 Timoteus 3:2,4)

Toe hy uiteindelik vir Katharina gevra het om te trou, was hy 41 en sy was 26. Soos hy later gesê het, was hy nie smoorverlief op haar nie, maar nadat hy op 13 Junie 1525 met haar getrou het, het hy God geloof, en gesê: *“'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene”* (Spreuke 31:10). Sy finansiële posisie het as gevolg van haar gedissiplineerde huishou verbeter. Sy welstand het floreer, en sy huislewe was liefdevol en ordelik. Hertog Frederik het vir hom die Augustynse klooster as 'n trougeskenk gegee, en Katharina het 'n ope huis gehad vir 'n groot getal van Luther se studente, kollegas, en vriende. Sy het ook toesig gehou oor die klooster se boerdery, sy vee opgepas, en sy brouery bestuur. Sy en Luther het ses kinders gehad, van wie twee jonk dood is. Luther was so gelukkig by haar dat hy haar 'my Catie' en 'die Mōrester van Wittenberg' genoem het.

Katharina en Martin Luther was die hart van Wittenberg en Wittenberg was die geestelike middelpunt van Duitsland, indien nie van die Christendom self nie. Hierdie goddelike paartjie wat met hart en siel toegewy was aan Jesus Christus, het vreesloos nie net die Kerk, maar ook die Huis en die Staat hervorm, en het op hulle die Beeld en Gees van Jesus Christus, die Heer en Verlosser gestempel.

Katharina het as gevolg van 'n koetsongeluk op 20 Desember 1552 gesterf, omtrent ses jaar na haar man. Haar biograaf, prof. Kroker, het gesê: *“Vir Martin Luther was sy die regte vrou, en net deur sy huwelik met haar, het hy die 'volkome' Luther geword”*.

***Soli Deo Gloria.***

-- Dorothea Scarborough.

**Bron:** Ernst Kroker, *Katharina von Bora*.

***'Het jy nie jou stem gebruik vir jou eie doeleindes, vir jou eie verheerliking vir jare nie? Ek sal vir jou 'n nuwe stem gee om in My diens te gebruik.'***

(Dr Helen Roseveare – pionier mediese sendeling in die Kongo, in *Give me this Mountain*)

***“ 'Naakte geloof'. Dit was 'n gesegde wat sy dikwels gebruik het. Geloof wat nie afhanklik is van gevoelens nie.”***

(Gesê van die Franse aristokraat en mistikus, Madame Guyon, deur Phyliss Thompson)

***'Een van God se baie genades is dat die toekoms verberg is.'*** (Madame Guyon)

## ***Hervormingsfees: 30 Oktober 2016***

Martin Luther het 499 jaar gelede dapper standpunt ingeneem!

Op 31 Oktober 1517 het hy sy

Vyf-en-neëntig Stellinge, veral teen die verkoop van aflate, aan die kerkdeur van die Wittenbergkasteel vasgespyker.

***'Die leer van Regverdigmaking deur geloof is die artikel waarmee die Kerk staan of val.'*** (Martin Luther)

# 'n Paar Gedagtes oor 'Heiligheid' as 'n Waarde:

**1 Petrus 1:14-16:**

*As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig".*

**1 Petrus 2:9:**

*Julle, daarenteen, is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.*

Petrus in sy eerste brief aan die kerk doen 'n oproep vir heiligheid. Hy haal Levitikus aan. Hy gaan dan aan en verwys na die kerk as 'n nasie wat vir God afgesonder is, 'n volk wat uit die duisternis na God se wonderbare lig geroep is. Ons Puriteinse voorvaders het dit goed verstaan. Reinheid van die lewe was 'n hoofsaaklike fokus in hulle lewens. Ons mag vandag terugkyk na daardie tyd en glimlag. Hulle het tog wel Kersfees sowel as kaartspel verban! Musiekinstrumente is ook verban tydens kerkdienste.

Maar dit sou goed wees as ons stilstaan en nadink. As ons die verlossingsdade van ons God wat ons uit die duisternis geroep het, sou verkondig, hoe kan ons dit doen as ons al te dikwels deel is van daardie duisternis? Natuurlik sou ons Puriteinse 'voorvaders in die geloof' geskok wees oor die lewe van die Kerk vandag!

Die kwessies van ons tyd is veelvoudig en kompleks. Baie Christene het teruggetrek in heilige groepies; hulle ignoreer die kwessies en probeer om hulle Christelike lewe tot die beste van hulle vermoë te leef. Ander het die kwessies van ons tyd dapper aangepak. Sommige het 'n kompromis aangegaan en soek God se stempel van goedkeuring op dit wat voorheen as sonde beskou is.

## **As ons 'n Kerk sou wees wat heiligheid waardeer, wat moet ons doen?**

Jim Packer, in sy boek *Rediscovering Holiness*, gee drie voorstelle waarby ek my eie gedagtes gevoeg het:

Heiligheid moet in en deur ondervinding geleer word, baie soos gebed. Heiligheid moet 'n gewoonte word.

Ons leer heiligheid op dieselfde manier as wat ons by die skool leer. Daar is 'n leerplan vir heiligheid. Die leerplan is God se Woord, en die skool is die Kerk. Dit kan net gebeur wanneer die Kerk self duidelikheid het oor die leerplan en verenig is ten opsigte van Skriftelike waarheid.

Ons Heer Jesus Christus is met ons hierin, as ons Heer en Meester. Jesus moet ons Heer wees. En ons moet gehoorsaam wees. Het Hy nie gesê: *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het"*? *"En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld"* (Matteus 28:19-20)?

Mag God hierdie, ons pogings, ontvang, soos ons hulle aan Hom bied as dienaars van sy Seun.

-- Ds. Mike Craig, *Claremont Congregational Church*, in

*'Holiness as one of the Values of the UPCSA':* Maart 2016)

## **Bibliografie:**

JL Packer: *Rediscovering Holiness* (2009): bl 14-18; (2de Uitgawe, gepubliseer deur Regal, Ventura, California)

# As Christus nie gekom het nie...

*'Hulle sal Hom Emmanuel noem ... God met ons' (Matt. 1:23)*

*'Vredevoers' (Jes. 9:5)*

*Daar's 'n lied in die lug,  
Aan die hemel 'n ster!  
Daar's 'n swaar moedersug,  
En 'n baba huil ver!  
En die ster reën sy vuur,  
Daar's gesang om die woning,  
Want die krippie van Bethlehem  
Herberg 'n koning.*

'n Paar jaar gelede het 'n treffende Kersfeeskaart in druk verskyn onder die opskrif, *As Christus nie gekom het nie*. Die oorsprong was te danke aan die woorde van Christus: *As Ek nie gekom het nie*. Die kaartjie het 'n leraar voorgestel wat op Kersfeesmôre in sy studeerkamer aan die slaap geraak het en toe gedroom het van 'n wêreld waarin Christus nooit gekom het nie.

In sy droom het hy sy eie huis deurgekyk, maar daar was geen klein kousies by die kaggel, geen Kersfeesklokkies het gelui, en daar was geen kranse, en geen Christus om te vertroos, te verbly, en te red nie. Hy het op die straat uitgestap, maar daar was ook geen kerk wat met sy toring hemelwaarts heen gewys het nie. Hy het teruggekom en in sy biblioteek gaan sit, maar nie 'n enkele boek oor Christus was daar te vinde nie!

Die deurklokkie het toe gelui en 'n jong boodskapper het hom kom vra om 'n sterwende moeder te besoek. Hy het saam met die huilende kind voortgehaas en toe hy in die huis aangekom het, het hy gaan sit en gesê, *"Ek het hier iets wat jou sal troos."* Hy het sy Bybel oopgeslaan om 'n bekende teks voor te lees, maar die Bybel het by Maleagi geëindig, en daar was geen evangelie, geen belofte van hoop en van verlossing nie, en hy het maar net sy hoof laat sak en in bittere verdriet met haar saamgeween.

Twee dae later het hy by haar kis gestaan en die begrafnisdiens gelei, maar daar was geen boodskap van vertroosting, geen woord van 'n heerlike weeropstanding, geen oop hemel; nee, net maar *'stof is jy en tot stof sal jy terugkeer'*, en 'n lange ewigdurende vaarwel. Eindelik het hy besef dat 'Christus nie gekom het nie', en in sy droewige droom het hy in trane uitgebars.

Skielik het hy wakker geskrik, en gee 'n groot uitroep van vreugde en prys toe hy sy koor digby in die kerk hoor sing:

*Kom herwaarts, getroues, vrolik seëvierend;  
O kom nou, O kom nou na Bethlehem!  
Kyk daar die Kindjie, tot ons heil gebore!  
Kom buig daar in aanbidding,  
Voor Jesus, die Heer!*

Laat ons vandag bly wees en saamjuig omdat 'Hy gekom het.' En laat ons die boodskap van die engel onthou: "Want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees, dat vandag vir julle in die stad van Dawid gebore is, die Verlosser, wat Christus die Here, is" (Luk. 2:10, 11).

*"Hy kom Sy seëning versprei  
Sovêr die vloek verkeer."*

Mag on harte uitgaan na die heidenmense wat geen Kersdag ken nie. **"Gaan, eet lekker spysie en drink soet drankie en stuur dele daarvan vir hulle vir wie niks klaargemaak is nie"** (Neh. 8:11).

-- *Strome in die Dorsland* (CSV -- 1939): 25 Desember (Mev. Charles Cowman)

**'Jy sal Sy saak dra.'**  
(Matthew Henry oor die Hemelvaart)

**'Die hart maak die teoloog.'**  
(Aangehaal in die inleiding in *Romans*, deur WH Griffith Thomas)

## **Basiese Begrip van God se Woord en Verlossing:**

Die eerste basiese kwessie wat ons moet oplos: **Is die Bybel die Geïnspireerde, Foutlose Woord van God?**

In 'n onlangse meningsopname in die VSA, het 87% van Metodiste; 67% van Amerikaanse Baptiste; 95% van *'Episcopalians'* (Amerikaanse Anglikane) en 82% van Presbiteriane NEE gesê!!

Tensy ons aanvaar dat die Bybel GOD SE WOORD in totaal is, kan ons dan geen gevolgtrekkings oor enigiets maak met gebruik van die Bybel as verwysing nie.

Die tweede basiese kwessie is **ons begrip van Verlossing**.

Die doktrine van verlossing soos verstaan deur gelowige Evangeliese Protestante word gebaseer op die Skrif, dat daar net EEN weg na die ewige lewe is -- deur **GELOOF** in die Here Jesus Christus (**Johannes 14:6; Romeine 10:9; Efesiërs 2:9**) en nie deur werke nie (**Galasiërs 3-4**) -- dat dit 'n universele waarheid is wat van toepassing is op alle mense, Jood en nie-Jood, man en vrou, of swart en blank.

-- Dr. Chris Molyneux

Skakel vir Robert Murray M'Cheyne se *Daily Bible Readings*: [www.mcheyne.info/calendar.pdf](http://www.mcheyne.info/calendar.pdf)

## **Wat is Vervangingsteologie (Replacement Theology (RT))?**

**Vervangingsteologie sê** dat die **kerk** die volk van Israel in God se plan Vervang, Verdring, of Vervul het.

Die redenering hiervoor is:

- God het die Jode gekies;
- Hy het sy enigste Seun, Jesus, gestuur om die Jode te verlos;
- Die Jode het Jesus verwerp;
- God het op Sy beurt die Jode verwerp;
- Die Jode is deur die kerk vervang as Sy gekose mense en die Jode sal nie gered word of vernuwe word met 'n unieke identiteit en rol nie [d.w.s. geen gelowige kan terselfdertyd 'n gelowige sowel as 'n Jood wees nie];

**RT 'teologie' bring 'n paar ernstige kwessies na vore wat opgelos moet word:**

*RT voorstellers moet verduidelik hoe 'n God wat waar is en nie kan lieg nie, verbonde met die volk van Israel kan maak en hulle nie kan nakom nie.*

*RT* voorstellers moet bewys dat die 'kerk' (hoe ook al dit gedefinieer word) nou die ware en nuwe Israel is – d.w.s. die titels van 'Israel' en 'Jood' oortref of verbreed is om nie-Jode in te sluit en dat die volk van Israel nooit weer 'n unieke identiteit of rol in God se plan sal hê nie. Of, in moderne terme, God het van Israel geskei en het die kerk as Sy bruid geneem.

*RT* moet wys dat die 'kerk' nasionale Israel se verbonde en beloftes op so 'n manier erf, dat ons nie 'n toekomstige vervulling daarvan met die volk van Israel kan verwag nie.

Een van die kwessies wat opgelos moet word is hoe die twee testamente verband hou met mekaar, en of in die interpretasie van die Bybel, die Nuwe Testament prioriteit het oor die Ou Testament, d.w.s. herinterpreteer die Nuwe Testament die Ou Testament?

Dan moet die profesieë van die Ou Testament herinterpreteer word as nie-letterlike vervullings, d.w.s. as 'geestelike' vervullings, en nasionale Israel moet op een of ander manier in 'die kerk' 'ingelyf' word.

-- Dr. Chris Molyneux

***'Hierdie skrifgedeelte, glo ek, verwys letterlik na die bekering van God se mense van ouds.'***

(Robert Murray M'Cheyne, die vroom predikant by St Peter's Dundee, Skotland, oor Jesaja 26: 16-19. Sy biograaf, dr. Andrew Bonar, het geskryf dat M'Cheyne ***'profesieë beskou het as geskiedenis wat nog moet plaasvind'***.)

**Redakteur se Kommentaar:**

Dit is 'n verkorting van ons liewe vriend dr Chris Molyneux se studie van die plek van die Jode en Israel in die uitwerking van die geskiedenis, soos geleer in die Bybel.

Chris is Woensdag 19 Oktober na 'n kort siekbed oorlede, en ons bid vir sy gesin en sy wye vriendekring.

Die 'moderne' sendelingbediening aan God se mense van ouds, die Jode, het sy oorsprong in daardie mees ortodokse van Hervormde kerke, die Vrye Kerk van Skotland. Die vroom ds. Robert Murray M'Cheyne en dr. Andrew Bonar het Palestina in die 1800s besoek. Wie sal ooit weet hoe moedig hulle gebede was terwyl hulle onder die sterre geslaap het, en die belofte aan Abram (Abraham) onthou het, dat sy nageslag so baie soos die sterre sou wees (Genesis 15:5)?

Ander broeders van hulle, soos dr. John 'Rabbi' Duncan sou na Boedapest, Hongarye gaan, en die Evangelie van die Messias, Jesus, deel met die verlore skape van die Huis van Israel.

Chris se liefdestaak om die Bybel te verkondig, was breedvoerig, en ons hoop om ander gedeeltes later vir publikasie te oorweeg.

***'O! Dat ek mnr. Rowland nog een keer kan hoor voor ek sterf --  
Een ware prediker van Jesus Christus is 'n duisende wêrelde werd.'***  
(Aangehaal in *Daniel Rowland* deur Eiffon Evans)

***'Moenie in die studeerkamer gaan om 'n preek voor te berei nie ... Dit is alles onsin.  
Gaan in jou studeerkamer om na God te gaan, en word so vurig dat jou tong soos 'n  
brandende kool is en dat jy moet praat.'***

(CT Studd, vorige Engelse krieketspeler en sendelingspioneer (WEC), aangehaal deur Norman Grubb)



# Erasmus en die 1516 Griekse Nuwe Testament

## Die Druipers

Die invloedrykste gebeurtenis van die vyftiende eeu was ongetwyfeld die ontwikkeling van drukwerk. Nou kon daar betroubare afdrucke van dokumente, boeke, pamflette en tekste wees, en -- vir daardie tydperk -- alles spoedig! Die Gutenberg los-letter druk van die Latynse Bybel het die wêreld op 'n ander manier oopgemaak. William Caxton het die eerste boek in Engeland in 1476 gedruk nadat hy boeke in Engels op die Vasteland voorheen gedruk het. Teen 1501 was daar meer as 'n duisend drukkerie in Europa, wat omtrent 20 000 000 kopieë van 25 000 titels uitgegee het. Die Middeleeuse wêreld en wêreldsiening, sekulêre sowel as godsdienstige, was op soveel maniere geskud. Nie eers die engele kon voorsien hoe dit die bevordering van die Evangelie van Christus sou dien nie!

Ek het onlangs 'n kwaai stuk teëgekomp wat op sosiale media gepos is, wat min of meer gesê het: *'Hoe durf Protestante sê dat die Rooms-Katolieke Kerk die Bybel van mense weerhou het? Die eerste gedrukte Bybel was die Rooms-Katolieke Bybel.'*

Maar wie is toegelaat om dit te lees? Wie kon dit verstaan? -- dit was natuurlik in Latyn! Wie het gedurf om dit uit te lê volgens die teks self, en in die taal van die hoorder? Maar God het nie Sy mense in onkunde gelaat nie:

## Die man: Desiderius Erasmus

Konstantinopel het 'n groot middelpunt van geleerdheid geword, en kopieë was in omloop -- dalk selfs oorspronklikes -- van manuskripte wat lank gelede in die Wes-Romeinse Ryk verlore geraak het. Konstantinopel was deeglik Grieks, en het die Griekse Bybel (Ou en Nuwe Testamente) vir 'n duisend jaar gebruik, dus was daar ook geleerdes wat taalvaardig was. Die val van die stad in 1453 het sulke geleerdes aangespoor om die ruïne van Bisantium te verlaat, en hulle het 'n letterkundige, taalkundige en kulturele erfenis met hulle saamgebring. Waar pas Erasmus in hierdie milieu in?

Gerrit Gerritsoon is waarskynlik in 1456 in Nederland gebore, die tweede buite-egtelike seun van sy ouers. Hy het taamlik vroeg die name 'Desiderius Erasmus' vir homself gekies, wat 'n mengsel van die Griekse en Latynse woorde vir 'aangenaam' en 'verlange' was. Die broers is na 'n skool in Deventer gestuur, waar hulle 'n maat gehad het wat Pous Adrianus VI sou word. Toe albei ouers gesterf het, het hulle voogde hulle gestuur na 's-Hertogenbosch en die Broeders van die Gemeentelêrens. Erasmus het veral die uiters streng discipline onthou, wat bedoel was om nederigheid te leer deur om 'n seun se wil te knak. Hy het weggekruip as 't ware in die Latynse taal, wat gelei het tot sy erkende en geadmireerde meesterskap van dié taal en sy letterkunde dwarsdeur Europa. Latyn het effektief sy 'tuiste' geword, die plek waar hy gewoon het. Slegs die basiese Grieks is op hierdie stadium geleer.

## Die strewe na Grieks

Na die golf van Griekse (en Arabiese) materiaal en geleerdes van Konstantinopel, was dit nie dat Grieks onbekend was in die Weste nie, maar dat dit weerstaan, geïgnoreer, verberg, verkleineer, en swartgesmeer is deur diegene wat dit bo alles moes ontvang het: die Rooms-Katolieke Kerk, sy geestelikes, en struktuur. Erasmus sou ly as gevolg van hierdie hindernis, maar ook daarby baat. Dit het gelei tot die weerhouding van Kardinaal Ximenes se Polyglot-Bybel met sy Griekse teks van die Nuwe Testament. Dit is reeds in 1514 gedruk, maar nie gepubliseer vir nog omtrent agt jaar nie, wat Erasmus dus toegelaat het om met die drukker Froben die eerste te wees om in 1516 'n Griekse Nuwe Testament te druk en te publiseer.

Erasmus het een keer gesê:

***"Ek stem glad nie saam met diegene wat onwillig is dat die Heilige Skrif in gewone taal vertaal moet word en deur ongeskoolde mense gelees word. Christus wil hê dat Sy geheimnisse so wyd as moontlik bekendgemaak moet word."***

Inderdaad, teen 1516 was daar reeds 'n beweging om die Bybel in plaaslike tale te vertaal. Nou sou dit anders wees -- om die Nuwe Testament vanuit Grieks te vertaal (nie vanuit Latyn nie); en

gedruk (nie handgeskrewe nie); sodat daar meer kopieë was, wat meer duursaam was, en makliker versprei kon word, en meer gerieflik was. Maar bowenal, omdat dit *direk* van Grieks was, sou dit *nader* aan die pen van die geïnspireerde Bybelse skrywers wees.

### **Erasmus het die eier gelê en Luther het dit uitgebroei!**

Luther was die eerste met die Duitse Nuwe Testament in 1522, wat vanuit Grieks vertaal is, terwyl hy vir sy eie veiligheid deur vriende aangehou is in die Wartburg (kasteel). Hy het Erasmus se tweede uitgawe van 1519 gebruik; en aangesien dit *koine* (gewone, alledaagse) Grieks was, het Luther gereageer met 'n gewone, alledaagse Duitse vertaling wat 'n Europese maatstaf gestel het.

William Tyndale se eerste poging om in 1525 'n Engelse vertaling van die Nuwe Testament op die Vasteland te druk is gekortwiek deur die owerhede. Hy was in 1526 suksesvol by Worms en ons het (soos uitgedruk in sy eie woorde – en spelling!):

***The newe Testament as it was written, and caused to be written, by them which herde yt. To whom also oure saveoure Christ Jesus commaunded that they shulde preache it unto al creatures.***

***[Die Nuwe Testament soos dit geskryf is, en deur aanleiding geskryf is, deur diegene wat dit gehoor het. Aan wie ook Ons Verlosser Christus Jesus beveel het dat hulle dit aan alle mense moet preek.]***

Voor Erasmus se afsterwe in 1536, was daar Nuwe Testament vertalings van sy Griekse uitgawes in Engels, Duits, Deens, Italiaans, en Frans. Daar was ook uitgawes in Nederlands en Sweeds wat ontstaan het uit Luther se Duitse uitgawe. Teen die einde van die eeu was daar Nuwe Testamente in Spaans, Yslands, Sloweens, Wallies, en Hongaars; die Evangelies in Arabies; en ook die Tsjeggies 'Kralitz'. Dit is alles aangehelp deur verdere uitgawes van die Griekse Nuwe Testament van die Stephens, Beza en die Elzevirs: nie een van hulle in perfekte ooreenstemming onder hulself oor die teks nie, maar met net baie min klein verskille, en almal fundamenteel Erasmus.

Nieteenstaande die persoonlike swakhede van Erasmus en sy tekort aan 'n duidelike belydenis van geloof in Christus, was hy onder God 'n menslike instrument waardeur die Woord van God getrou vertaal is (van die gedrukte Griekse tekste wat hy saamgestel het), in verskeie hoof Europese tale. Erasmus was die voorganger. Ander sou op sy nalatenskap bou om verdere uitgawes van die gedrukte Griekse teks voort te bring met gebruik van 'n groter aantal Griekse manuskripte as wat vir hom beskikbaar was, en mettertyd was die Griekse teks voortgebring wat 'deur almal ontvang is' en wat in die volgende eeue gebruik sou word as die basis van die Nuwe Testament vertaling. En dit is die Ontvange Teks -- die enigste regte basis vir vertaling -- wat steeds gebruik word deur die *Trinitarian Bible Society* in sy groeiende aantal Bybelvertalings- en hersieningsprojekte.

-- Uittreksels uit 'n breedvorige artikel deur CP Halihan: Redaksionele konsultant:

die *Quarterly Record* (April-Junie 2016) van die *Trinitarian Bible Society*  
(TBS: [www.tbsbibles.org](http://www.tbsbibles.org)).

### **Redakteur se Kommentaar:**

Alhoewel baie Bybelskoliere en vertalings nie die Ontvange of Meerderheidteks sou volg nie, verkies ek dit persoonlik as die grondigste Griekse Nuwe Testament-gebaseerde teks. TBS het gestreef om 'n liefde daarvoor te behou teenoor die teks van Westcott en Hort, wat nou gunstig is bv. volgens die NIV Bybel.

Dit is bemoedigend om te lees dat vernaamste geleerdes soos dr. John Wenham (*Elements of New Testament Greek*), teruggedraai het na die Ontvange Teks, wat die grondslag is van die *King James* Bybel, die *New King James* Bybel, ens. Dit is na hy die boeiende *The Identity of the New Testament Text*, deur Wilbur N Pickering, gelees het.

***'Dit is uiters belangrik om die Bybel te bestudeer in die gees van die Bybel -- om 'n kritiese neiging te handhaaf in 'n geestelike atmosfeer.'***  
(Charles Bridges in sy kommentaar oor 'Ecclesiastes' -- Prediker)

# Regverdiging deur Geloof

Een van die probleme binne evangeliese kringe vandag is dat baie gelowiges nie die sleuteldoktrines van die historiese Hervormde geloof geleer word nie. Daar is baie lewendige aanbidding en baie klem op lofprysing, maar prediking oor die algemeen word opsy gestoot en doktrinale of dogmatiese prediking nog meer so. Doktrine word afgewys as droog en amper 'n hindernis vir vreugdevolle Christelike getuienis. Doktrine *kan* ongetwyfeld droog wees, maar dit hoef nie so te wees nie. Inderdaad, soos Ernest Reisinger gesê het:

*'Doktrinale prediking is die grondslag van alle ware Christelike ondervinding. Sonder 'n sterk doktrinale grondslag, is Christelike ondervinding soos geplukte blomme wat in die grond gestee is -- hulle verwelk gou en gaan dood. Doktrinale waarheid is nie net die grondslag nie, maar ook die superstruktuur van alle ware bybelse prediking'*

As 'n organisasie, is die *Evangelical Protestant Society* (van Ulster) baie gretig om 'n beter begrip van doktrine aan te moedig. As ons foute moet verstaan, moet ons eers 'n duidelike waardering van die waarheid hê.

Kom ons oorweeg die groot Hervormingsdoktrine van regverdiging deur geloof alleen, soos ons dit in Romeine 1:16-17 vind. Hierdie verse neem ons reg na die hart van die stryd tussen Protestantisme en Rooms-Katolisisme. Die Kerk van Rome het nie in regverdiging deur geloof alleen, in Christus alleen, geglo nie toe die Hervorming in 1517 begin het; en ten spyte van die beste pogings deur kontemporêre Protestantse ekuministe en liberale om dit anders te stel, glo Rome dit steeds vandag nog nie. 'n Ondersoek van die belangrike amptelike dokumente van Rome sal bevestig dat dit wel die geval is.

As 'n monnik en universiteitsdosent, het Martin Luther Romeine bestudeer, maar in Hoofstuk 1 kon hy net 'n God van toorn en woede sien. In 1:17, het hy vasgesit by die woorde *'die regverdigheid van God'* en hy het gevrees dat hy nooit voor so 'n regverdige God kon staan nie. Hy het gesukkel om homself van sonde te reinig en, in 'n poging om sukses te behaal, het hy 'n strawwe leefstyl van boetedoening gevolg wat selfverloëning en selfpyniging behels het. Soos hy homself op hierdie manier gestraf het, het sy frustrasies en vrese net gegroei, maar toe het God met hom gepraat. Luther het gesukkel, maar deur God se genade het die skille van sy oë afgeval en hy het besef dat die *'regverdigheid van God'* in 1:17 nie na God se toorn verwys het nie, maar na Sy genade aan ons in Christus. Hy het ontdek dat die regverdigheid waarna hier verwys is, 'n regverdigheid is wat aan ons toegereken word deur geloof alleen, in Christus alleen. Kortliks het Luther 'n ware Christen geword. Alhoewel hierdie wonderlike evangelie grootliks weggesteek is vir eeue in Rooms-Katolieke donkerte, is dit nou geopenbaar aan 'n monnik wat die wêreld sou skud.

-- *Ulster Bulwark (Evangelical Protestant Society – VK)*: Januarie-Maart 2016:  
(Verkort -- Redakteur)

***"Berridge het gebid dat hy gelei mag word om 'die waarheid soos dit in Jesus is' te ken. Die antwoord het direk gekom, 'Hou op met u eie werke, glo net.' "***

(John Berridge (1716 – 1793), die man wat die Here leer ken het tydens sy bediening, en toe sy ou preke verbrand het terwyl hy gehuil het van blydschap!)

***"Christenheid is nie 'n skema vir eiegeregtigheid nie – dit is 'om heiligheid die inspanning te maak, nie die rede vir regverdiging en versoening nie.' "***

(EJ Poole-Conner oor Wilberforce se *A Practical View of Christianity*)

# Samevatting van Luther se leringe: Die vyf ‘Solas’ van die Hervorming

## **Net die Woord (*Sola Scriptura*)**

Die onfeilbare Woord (die Bybel) is die enigste bron van geskrewe geestelike openbaring. Dit alleen kan die gewete bind. Slegs die Bybel bevat al die lering wat nodig is vir die mens se bevryding van sonde en is die standaard waaraan alle Christelike handeling gemeet moet word. Die standpunt dat enige geloofsbelydenis, raad of individu ‘n Christen se gewete mag bind, dat die Heilige Gees onafhanklik of teenstrydig kan wees met wat in die Bybel uiteengesit is, of dat persoonlike geestelike ervaring ooit as middel tot openbaring kan dien, word verwerp.

## **Net Christus (*Solus Christus*)**

Ons redding word bewerkstellig slegs deur die bemiddelende genade van die historiese Christus. Sy sondelose lewe en plaasvervangende versoening op sigself is voldoende vir ons regverdigmaking en versoening met die Vader. Die bewering dat die evangelie wel verkondig is al is die plaasvervangende werk van Christus nie verklaar nie en van geloof in Christus en sy werk nie versoek nie, word verwerp.

## **Net genade (*Sola Gratia*)**

Verlossing beteken dat ons deur genade alleen gered word van God se gramskap. Dit is die bonatuurlike werking van die Heilige Gees wat ons tot Christus laat nader deur ons uit ons sondebande te bevry en ons op lig vanuit ‘n toestand van geestelike doodsheid na die heerlikheid van ‘n lewe in Christus. Die bewering dat verlossing in alle opsigte deur die mens self verkry kan word, word verwerp. Metodes, tegnieke, of strategieë geskep alleenlik deur mense kan nie hierdie algehele transformasie bewerkstellig nie. Geloof kan nie gewek word sonder wedergeboorte van ons sondige menslike natuur nie.

## **Net geloof (*Sola Fide*)**

Regverdigmaking geskied alleenlik op grond van genade, alleenlik deur geloof, en alleenlik deur die toedoen van Christus. Deur regverdigmaking word Christus se geregtigheid aan ons toegeskryf as die enigste moontlike bevrediging van God se perfekte oordeel. Ons regverdigmaking berus nie op enige verdienste van ons kant nie, en ook nie op grond van ‘n gedeelte van Christus se geregtigheid in ons nie. ‘n Instelling wat daarop aanspraak maak dat dit ‘n kerk is, maar terselfdertyd *sola fide* ontken of verwerp, durf nie as ‘n ware kerk erken te word nie.

## **Net alle eer aan God (*Soli Deo Gloria*)**

Dit staan vas dat, omdat redding God se inisiatief is en deur Hom bewerkstellig word, dit tot sy verheerliking is en dat ons Hom dus te alle tye moet verheerlik. Ons ganse lewe moet voor die aangesig van God afspeel, onder die gesag van God en slegs om Hom te verheerlik. Om te glo dat ons God na behore kan verheerlik as ons aanbidding verwar met vermaak, of dat ons of die Wet of die Evangelie kan afskeep, of dat ons selfverbetering, selfbeeld of selfverwesening as alternatiewe vir die Evangelie kan begin predik, word ontken en verwerp.

-- Vriendelik beskikbaar gestel deur Dr Christopher Molyneux

(Aangepas uit: *The Cambridge Declaration of the Alliance of Confessing Evangelicals* – 1996)

**‘Jou hart is nie die kompas waarvolgens Christus vaar nie.’**

(Samuel Rutherford in sy briewe, aangehaal deur dr. Frank E Gaebelien, in verband met sy vriend wat hy weggedraai van ‘n oog na binne, na ‘n oog op die hart van Christus)

# Waarom ek die *'Word of Faith'* beweging verlaat het

Ek skryf die volgende nie om enigiemand wat dit lees aanstoot te gee nie. My taak, omdat ek diep bekommerd is, is om jou aan te spoor om 'n goeie 'Bereaan' te wees soos dit voorgeskryf word vir almal wat Christus bely (Hand. 17:10-13: "... Hulle het ... elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus sê."; Matt. 7:12-13, 17:11; 1 Joh. 4:1).

Kom ek begin deur om jou 'n bietjie van my agtergrond te vertel. Ek is in die Verenigde Koninkryk gebore, maar het in Ciprus grootgeword. Ek het tot 2010 daar gewoon. Ek is as 'n Maroniet Katoliek grootgemaak. Ek het hierdie kerk tot 2005 bygewoon.

## My vroeër godsdienstige ondervinding

Maroniet Katoliek teologie leer die godheid van Maria; vagevuur; om tot die dooies te bid; en, verlossing deur jou eie werke. Hulle ontken die genoegsaamheid en die gesag van die Bybel alleen. En hulle glo dat die Pous die hoof van die kerk is, en nie Christus nie.

Van toe af het ek 'n ateïs geword. Toe 'n agnostikus. Daardie tyd was my lewe vol skynheiligheid, die soek na plesier, en seksuele sonde. Ek was ver van God en ver van die pad na die hemel.

Toe eendag in 2008 het my suster my genooi om aan te sluit by 'n Charismatiese kerk. Toe ek by die Sondagdiens aangekom het, het ek twee hoofdoele gehad: verbeterde selfrespek en sukses. Ek wou ook baie vriende hê. By hierdie kerk het ek gevoel dat ek deur die groep aanvaar en verwelkom is. Daardie tyd sou ek dit 'n 'veranderde lewe' genoem het.

Beide die dame wat gepreek het en die pastor het gesê dat Jesus vir ons al daardie dinge kon gee wat ek begeer het. Hulle was goeie motiveringsprekers. Ek het mense gesien wat my onthou het toe ek 'n kind was, wat my moeder en my suster geken het, wat ook my en hulle vriende verwelkom het. Die manier waarop aanbid is, was soos 'n 'rock'-konsert. Ek het van die atmosfeer wat dit geskep het, gehou.

By een aanddiens het die vrou wat gepreek het, gevra of enigiemand Jesus wou aanneem en Hom vra om in hulle harte te kom. Sy het gesê dat as iemand vorentoe sou kom, sou hulle dan gered word. Dus het ek saam met my suster vorentoe gegaan, en die raadgewers het my aangemoedig om die 'sondaar se gebed' te op te sê. Wat sou jy gedoen het?

Toe ek voor gekom het, het ek gesien dat diegene om my geskud en gebewe het, wat ek nou besef bewys was van die 'Toronto Seëning' (*'Toronto Blessing'*). Die musiekgroep het 'aanbiddingsmusiek' gespeel wat my ook emosioneel aangeroei het. Ek het iets gevoel wat ek 'God' genoem het en na ek gebid het, het hulle verklaar dat ek van daardie dag af weergebore is. Ek het vir drie jaar geglo dat ek 'n ware Christen was. Ek besef nou dat die beweging waarby ek aangesluit het, die *'Word of Faith'* beweging was.

## Die *'Word of Faith'* beweging

Die boodskap van die *'Word of Faith'* (WOF) beweging is dat die Kruis van Christus rykdom, gesondheid, sukses, en 'n beter lewe belowe: dit is presies wat my sondige hart begeer het. En deur daardie jare was ek 'n groot volger van mense soos Joel Osteen, Joyce Meyer, Kenneth Hagin, TD Jakes, en Benny Hinn. Ek het hulle boeke gelees en daagliks na hulle preke op TBN en Die Kerkkanaal (*'The Church Channel'*) geluister. Die boodskappe van daardie WOF kanale was nooit aanstootlik nie, maar het my nooit my van my sonde oortuig nie.

Vandag is hierdie beweging die openbare gesig van die Evangeliegesindheid (*'Evangelicalism'*). Daar was egter iets verkeerd met die vrugte van 'hierdie nuwe lewe'. Ek is nie geleer van die Gesag van die Bybel, of sy genoegsaamheid nie. Ek het God se Woord behandel soos 'n boek van bemoedigende woorde. Ek het die verse uitgesoek wat ek gevoel het met my gepraat het.

Om eerlik met jou te wees, was ek nog geneig om selfsugtig te wees. Ek het die lewe en sy plesiere geniet terwyl ek voorgegee het dat ek 'n Christen was. Ek was steeds lief vir my sonde, en dit was juis die jare toe ek my ernstigste sondes van seksuele immoraliteit gepleeg het. Ek is

nooit onder die besef van my sonde gebring nie, en het dus nooit berou gehad oor my sondige leefstyl nie.

### **My verlossing**

Ek het die welvaart-evangelie gepreek en het die lewe gehad wat die duiwel wou hê ek moes leef. Maar toe ek in Brittanje aangekom het om by die universiteit te studeer, het ek begin om die Bybel vir die eerste keer ernstig en gereeld te lees. Ek het opgehou om na daardie leermeesters op *TBN* te luister en het gefokus op wat God regtig in Sy Woord gesê het.

Ek het 'n paar hervormde pastore en predikante op die internet ontdek, sommige wie se name vir jou bekend mag wees, insluitend Paul Washer, en John Macarthur! Die onderrig was anders en is op die Bybel gebaseer. Dit het die verstand ingelig eerder as om mense emosioneel te manipuleer. Dit was egter die Woord van God wat my onder die besef van my sonde gebring het, en dat ek nooit 'n regte, weergebore Christen was wat in die Bybel geglo het nie.

Die nadelige gevolg van hierdie leemte was my misplaaste vertrouwe in diegene wat *WOF* doktrines gepreek het. Hulle het vir my en ander gelieg, deur om ons te vertel dat Christelikheid jou niks sal kos nie.

Die Bybel leer egter dat diegene wat Christus wil volg, sal ly. Maar te midde van daardie beproewinge sal gelowiges blydschap en vrede van God hê. Waarom? Want hulle het ons kosbare Heer Jesus Christus as hulle Verlosser aangeneem. God het in Sy Woord so duidelik met my gepraat dat ek berou gehad het oor my sondes en geglo het in die Seun van God as my Verlosser, en gered is.

Ek het geweet dat ek die *WOF* kerk moes verlaat, maar waarheen kon ek gaan? Ek het ontdek dat daar ander was wat ook die *WOF* beweging verlaat het. Ek het gehoor van 'n pastoor van 'n klein hervormde kerkie. Hy was eers in die Charismatiese beweging, maar het toe die Skrif gelees en is oortuig om dié beweging te los. Hy het toe opleiding ontvang vir die Christelike bediening. Ek het aan hom geskryf en hy het my genooi om by hom en sy gesin te kom bly, en sy kerk by te woon.

Daar was merkbare verskille in die kerk. Die sleutelverskille was in die prediking, die mense, en die aanbidding. Die prediking was meer uitdagend en ontoegewend. Die pastoor se begeerte was om die Skrif waarlik uit te lê en hy was nie met getalle behep nie!

Die mense was so anders. Besadig, ywerig in die Skrif, en vol van die genade van God. Hulle was goed geleerd in die Skrif, en baie liefdevol, en het baie omgee vir mekaar.

Met betrekking tot die aanbidding, sou ek dit beskryf as die demonstrasie van groot eerbied aan God en die gesange was vol glorieryke doktrine. Daarteenoor was die *WOF* aanbidding soos om in 'n nie-Christelike 'rock'-konsert te wees.

Ek is nou 'n lid van die kerk en ons het opelug prediking en evangelisasie. Ek is ook betrokke by die opneem van aanlyn-videos om die waarheid op 'n helder manier aan dié van *WOF* te verduidelik. Dit is dus kortliks my getuienis van hoe God my gered het van die *WOF* beweging en van selfbedrog.

-- Ninos Hadjirousou: *Protestant Truth (Protestant Truth Society-VK)*, Julie-Augustus 2016

**'Wonderwerke moet nie verwag word, wanneer gewone maniere gebruik gaan word nie.'**

(Matthew Henry se kommentaar oor Handeling 12:7-9,  
en in verband met Petrus se uiterste nood, **'hoe slegter hoe beter'**)

### **Redakteur se Kommentaar:**

Die getuienis van Ninos Hadjirousou is so lewenswaar. Sint Augustinus, Biskop van Hippo, het uit filosofie en soeking, na die Lig van Jesus gekom -- sy moeder Monica se gebede en Ambrose, Biskop van Milaan, se mentorskap het alles 'n rol gespeel. Invloede kom oor ons pad wat terselfdertyd verwar en hoop aanbied. In my geloofspelgrimsreis toe my oë eers oopgegaan het, het ek mans soos bome sien loop (Markus 8:24). Met die pad af het ek Jesus kop en skouers bo al die seuns van Israel gesien.

Ons moet geduldig wees met ander mense wat na meer lig tas, soos die Here met ons was.

# Die Gordon Gedenksendingstasie en die Kerk van Skotland Sendelinghospitaal

*(Gordon Memorial Mission and the Church of Scotland Mission Hospital)*

Die Gordon Gedenksendingstasie (1870), oos van Pomeroy, KwaZulu-Natal, is amper 150 jaar oud. 'Die sendingstasie is gekoop met geld wat gegee was deur die Hertog van Aberdeen ter herinnering aan sy seun, James Henry, wat tragies gesterf het terwyl hy sy geweer skoongemaak het. Dit het gebeur terwyl hy op universiteit was, in voorbereiding om self na die sendingveld te gaan.' Vanuit hierdie sending het die Kerk van Skotland se Sendelinghospitaal by Tugela Ferry baie jare later ontstaan, 'n hele ent daarvandaan. 'n Onvoldoende watervoorraad vir 'n hospitaaluitbreiding het dit nodig gemaak. Dit klink bekend, want water se kritiese noodsaaklikheid is vandag steeds 'n ernstige uitdaging!

Eerwaarde dr. James Dalzell van Lesmahogan, suidoos van Glasgow, Skotland, en sy vrou, Elizabeth Gordon Lorimer, was die eerste sendelinge. Hulle is bygestaan deur Elizabeth se susters, Mary en Jane, wat onderwyseresse was. In 1901 is James oorlede na hy bloedvergiftiging gekry het toe hy per ongeluk sy vinger raakgesteek het gedurende 'n operasie! Die saad van Jesus se liefde wat in Suid-Afrika gesaai is, sou versorg word en met trane natgelei word (Psalm 126:5,6). Onderwys en mediese sorg was fokusareas.

In 1906 het ds. Murdo John Clow Matheson van Partick, Skotland, eerwaarde dr. HEC Keith Murray (die opvolger van James Dalzell) gevolg. (Murdo se vader, ds. Dugald Matheson, is in Skye, Hebride gebore, en het die naam voorsien vir Murdo se seun, Dugald, wie se Zoeloe naam 'Mgadlaza' was, wat 'vinnige stapper' beteken het!) Toe Murdo Matheson aan malaria beswyk het in 1930, is sy seun Dugald aangestel deur die Kerk van Skotland as sy opvolger by die Gordon sendingstasie. Die naam Matheson word steeds geassosieer met beide die *St John's United* en *Scottsville Presbyterian (UPCSA)* kerke, in Pietermaritzburg.

'n Ander naam wat met die sendelingstasie gekoppel word, is Gale. Eerwaarde George Gale van Warsash naby Southampton, is deur dr. Robert Moffat van Kuruman beïnvloed om na die sendingveld te gaan, naamlik die Swaziland en Maputo Sendingstasie naby Kosibaai. 'Die sendelingpaartjie het die pragtige Zoeloe taal vlot leer praat'. Hulle seun, dr. George William Gale, was Hoofseun van Hoërskool Durban (DHS). Die Buchanan voorvaders van sy vrou Audrey, was op 'n stadium sendelinge op die Suidsee-eiland, Samoa. Hierdie doelgerigte paartjie was instrumenteel in die skuiwing van die hospitaal in 1932 van Pomeroy na Tugela Ferry.

'n Gedenksteen wat in 2004 toegewy is deur 'n Pool familieafstammeling, ds. William Pool, 'n vorige Moderateur van die UPCSA Algemene Vergadering (*UPCSA General Assembly*), is 'n huldeblyk aan die sendelingfamilies wat ons mense bedien het. William se vader, dr. John Pool, was 'n mediese sendeling van die Kerk van Skotland by die Tugela Ferry Hospitaal vir baie jare.

***Skotland en Afrika is verbind deur die liefde van God, wat sy Eniggebore Seun, Jesus, gegee het om vir ons sondes te sterf.***

-- Craig Hounsom

***"Die twyfelaar David Hume het oor dr. John Brown (van Haddington) gesê:***

***'Hy het gepraat asof Jesus Christus by sy elmboog was.'***

*(van The Man who Believed God deur Hudson Taylor)*

# Karstadt se lesings in verband met Sint Augustinus se *On the Spirit and the Letter*

*"Kahler stel voor dat daar hier ondertone is wat Karstadt se Augustinianisme van Luther s'n skei. Vir Karstadt is dit die tweedeling tussen Letter en Gees, Wet en Gees, eerder as die Lutherse Dialektiek van Wet en Evangelie, wat saak maak. Geloof het nie dieselfde belangrikheid vir Karstadt as vir Luther nie. Daar is beklemtoning van die innerlike werk van die Gees -- die innerlike Woord wat 'alle werke vooraf gaan en die hart raak' -- wat, dit word gedink, Karstadt se latere geestelikheid voorbedui. Daar is geen beklemtoning van Christologie nie -- 'hier is 'n teologie van genade, nie 'n teologie van Christus nie'."*

(Prof. Gordon Rupp in *Patterns of Reformation*)

**Let wel:** Andreas Bodenstein von Karstadt was 'n vennoot van Luther, maar het later nader beweeg aan die Anabaptiste en Radikale Hervormers.

-- Craig Hounsom

***'Geen geleerheid is genoeg om 'n trotse man die waarheid van God te laat verstaan nie, tensy hy eers leer om nederig te wees.'***

(Biskop Taylor aangehaal deur Charles Bridges)

## IN DIE NUUS:

### 1] NG Gemeente Rondebosch – 125 Jaar Oud!

Rondebosch se NG Kerk is destyds deur die argitek George Murray Alexander (1851-1904) ontwerp, en die hoeksteen is in 1891 gelê. Hy het na Suid Afrika geëmigreer vanaf Skotland.

Rondebosch het in 1891 begin met 'n baie klein, maar hoofsaaklik Engelsprekende gemeente, maar deur die jare het hul al hoe meer Afrikaans-sprekende lidmate gekry. In 1965 het die kerk sy hoogtepunt bereik met 1 700 lidmate, maar ongelukkig sewevoudig afgeneem teen 2015. Die rede hiervoor is dat Afrikaans sprekendes verhuis het na die Noordelike voorstede en selfs die Afrikaans-medium skole het begin verengels.

Die begin jare was baie moeilik. Finansiële het almal gesukkel en 'n kerkgebou moes bekom word sowel as 'n permanente predikant wat maandeliks 'n karige salaris moes ontvang. Ds. BPJ Marchand van Knysna was die eerste leraar en het gedien vanaf 1891 tot 1906. Onder sy leiding het die Hoër Seunskool Rondebosch en die Hoër Meisieskool Rustenburg tot stand gekom. Daarna het sewentien predikante oor die jare in die bediening gestaan van hierdie historiese kerk. Ds. Jan van Schoor Momsen is die huidige leraar.

Vir 125 jaar het ons Hemelse Vader Sy hand oor hierdie kerk en sy lidmate gehou. 'n Stukkie familie erfenis staan in hierdie kerk, naamlik die doopvont wat destyds deur my oupa, Fred Butler, gemaak en geskenk is. In November gaan die redakteur, ds. Craig Hounsom (my verloofde), hierdie vont gebruik om 'n agter-agter-kleinkind aan die Butler kant te doop. Oupa Fred het hierdie vont met soveel liefde, trots en eer vir sy Hemelse Vader gemaak. My hartlike dank aan die leraar en kerkraad vir die vergunning om dit te kan gebruik.

Mag Ons Hemelse Vader jul ryklik seën in die jare wat voorlê.

-- Esmé de Bruin: Sekretaris: *Cape Town Union Congregational Church*



### 3] RampUp – Suid-Afrika



Die 'RampUp' projek in Suid-Afrika wil 'n bron vir alle kerke wees om gestremde-vriendelike gemeenskappe van gelowiges te ontwikkel.

Deur die webwerf [www.rampup.co.za](http://www.rampup.co.za) is nuttige materiaal beskikbaar vir kerke om stappe te neem om persone met gestremdheid aktief in te sluit.

#### RampUp het die volgende doelwitte:

- Om mites te verdryf oor
  - die oorsake van gestremdheid;
  - die vermoë van persone met gestremdheid;
  - die ambisies van persone met gestremdheid.
- Om 'n positiewe siening van gestremdheid en persone met gestremdheid te bevorder;
- Om 'n dieper begrip van die Bybelse siening van gestremdheid te ontwikkel;
- Om te demonstreer hoe persone met gestremdhede 'n positiewe rol in die lewe, werk, getuienis en leierskap van die kerk kan speel;
- Om kerke van middele te voorsien om hulle fisiese toeganklikheid tot persone met gestremdhede te evalueer en te verbeter;
- Om kerke van middele te voorsien om hulle organisasieklimaat te evalueer met betrekking tot persone met gestremdhede:
  - Eerbiedige interaksie tussen gestremdes en nie-gestremdes.
  - Ontwikkel sensitiwiteit vir die behoeftes van persone met gestremdhede.

Die **hoofboodskap** is dat persone met gestremdhede 'n verrykende bydrae in geloofsgemeenskappe kan maak.

Besoek asseblief die webwerf [www.rampup.co.za](http://www.rampup.co.za) of kontak ons by [erna@tlm.co.za](mailto:erna@tlm.co.za).

-- Erna Möller (Projekbestuurder): Januarie 2016

### 3] Ds. Ernie du Plooy – 'n Evangelis met Opset

'n Onlangse foonoproep van my vorige medestudent, Ernie du Plooy, het 'n snaar in my hart geraak. Ons het mekaar jare laas gesien, en hy het gebel in reaksie op die derde kwartaal uitgawe van *Protestantse Reveille* met 'n woord van bemoediging. Ernie en Jenny is nou in Port Elizabeth gebaseer, en het 'n nuwe hoofstuk van kanselaanvulling betree d.w.s. om plaasvervanger te wees by 'n kerk wat dit benodig, enige plek en enige tyd in Suid-Afrika.

Ernie het 'n radikale bekering in 'n hotelkamer gehad deur 'n Gideons Internasionale Bybel wat in die regte plek op die regte tyd was! Soos met die vriend van John Newton van *Amazing Grace* beroemdheid, die digter William Cowper (wat die woorde geskryf het '*God Moves in a Mysterious Way, His Wonders to Perform*') was 'n kritiese oomblik deur 'n bestierende hand in 'n bediening gedraai. 'n Evangelis is gebore wat ander mense sou vertel watter wonderlike dinge God vir hom in Jesus gedoen het (Lukas 8:39)!

Ernie het 'n affiliasie met beide CESA/REACH, en die Baptiste Unie van Suid-Afrika. Behalwe die predikantskap, het hy lesings gegee vir teologiese student; kerkleiers geïnspireer (deur die '*Shepherds' Convention*'); en, ek is seker, sy immerteenwoordige humorsin behou!

Kontakbesonderhede is: (Sel): **082 770 3998**; Eposadres: [ernieduplooy@telkomsa.net](mailto:ernieduplooy@telkomsa.net)

-- Craig Hounsom (Redakteur)

## 4] GAFCON bied Alternatiewe Toesig vir Skotse Anglikane

### Brief van: GAFCON VK

Ons is hartseer en ontsteld dat die Skotse Episkopale Kerk (*'Scottish Episcopal Church'*) volgende week die wysiging van sy Geloofsreël C31 (*'Canon C31'*) sal debateer, om 'n heeltetal onbybelse benadering tot menslike seksuele verhoudings te neem. Om die kanon so te wysig sal die kerk afsny van die leer van Christus en Sy Apostels, en ook die oorwoë en uitgedrukte oortuiging van die groot meerderheid van die biskoppe van die Anglikaanse Gemeenskap by Lambeth in 1998, wat versterk was deur die Anglikaanse Primate se Byeenkoms net maande gelede.

Ons staan saam met julle en bid vir julle soos julle hierdie onbehulpsame en gevaarlike verandering weerstaan. Sou die kerk besluit om die revisionistiese benadering te volg; die duidelike leer van die Skrif te veronagsaam; en dus 'n breuk met ortodokse Christelike lering te veroorsaak, bied die GAFCON VK Paneel van Biskoppe aan om alternatiewe episkopale toesig te voorsien, en dus julle erkenning as getroue Anglikane by die wêreldwye GAFCON beweging, wat die meerderheid van Anglikane wêreldwyd verteenwoordig.

Ons herinner die Skotse Episkopale Kerk aan die waarskuwende woorde van Judas dat onbybelse standaarde in seksuele etiek *'...ons enigste Meester en Here, Jesus Christus verwerp'*. Dit is 'n saak waaroor die Skotse Episkopale Kerk, die kerk verdeel, en ons sal verenig staan met getroue Anglikane in Skotland wat die gewone doktrinale en morele leer van die Heilige Skrif wil handhaaf.

Hartlik in Christus

Die Paneel van Biskoppe & Uitvoerende Komitee, GAFCON, VK; die Anglikaanse Sending in Engeland (*'Anglican Mission in England'*)

-- BRON: *Anglican Ink* (van: FCA Suidelike Afrika Span [fca@samission.org.za](mailto:fca@samission.org.za))  
*The Global Fellowship of Confessing Anglicans (GAFCON)*

## 5] Margaret Gordon van die Bybelinstituut, Kalkbaai, word 90

'n 'Moeder in Israel' vir baie in die Suid-Afrikaanse bediening en oorsese sendingveld, Margaret Gordon, is amper 90 jaar oud. Daardie gelukkige mylpaal sal op 4 Desember, 2016 bereik word.

Britsgebore mev. Gordon is die weduwee van ds. Murdo Gordon van die eiland Skye, Hebride, Skotland. Ds. Gordon is beïnvloed deur die Walliese dokter (wat prediker geword het) dr. Martyn Lloyd-Jones, van wie hy raad gekry het voor hy vertrek het na Suid-Afrika om die hoof van die Bybelinstituut, Kalkbaai te word. Die uitstekende artikel oor *Regeneration* (Wedergeboorte) in die *New Bible Dictionary (IVP)* eindig met sy voorletters, 'MRG'. Wat 'n wonderlike onderwyser met 'n pastoor se hart!

Die dood van hulle jong seun Alastair in 'n fietsongeluk het die Gordongesin diep aangeraak, maar Jesus, die Oorwinnaar van die Dood, was hulle sterkte. Jesaja 49:14-16 is gebruik om hulle te troos. Mev. Gordon het die Bybelinstiuit se afstandslere kursusse hanteer, en het belanggestel in studente se opleiding om die Here te bedien.

Ds. Murdo Gordon het meer as twintig jaar gelede na sy hemelse beloning gegaan. Mev. Gordon is later vir 'n paar gelukkige jare met Terry McDermid getroud, wat reeds oorlede is. Haar volgehoue liefde vir vorige studente en hulle gesinne gee hulle 'n gevoel dat hulle nog altyd sal onhou word. As 'n teken van waardering vir haar vriendskap, is ons jongste dogter Faith na haar vernoem deur haar middelnaam d.w.s. Margaret.

Ons gelukwense in afwagting van haar 90ste verjaarsdag word met blye harte gestuur vir haar baie jare van diens in haar aangenome land, Suid-Afrika.

-- Craig Hounsom

**'Ons harte is fabriek van afgode.'** (Johannes Calvyn)

# Briewe: Reaksies op Onlangse Uitgawes:

## 1] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Beste Craig

Groete in ons Heer en Verlosser Jesus Christus.

Dankie vir die tydige Protestantse Reveille. Dit was 'n stil tyd vir die ontvangs en lees van verskeie sendings ens. ...

**Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoeg neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan .... (2 Korintiërs 11:4)**

Kan daar asseblief bemiddelende gebede wees om die hemel te skud vir die vasbind en oorwinning van die sterkman van die ontluikende kerk ('emergent church') se inmenging met die oordra van die evangelie van verlossing aan elke mens. Die rede vir hierdie dringendheid is die groot boosheid van 'n ander evangelie. Dit het gelei na 'n ander gees wat die eens ware evangeliekerke oorgeneem het en sodoende word daardie bronne wat eens gebruik sou word om bedieninge wat betrokke is by 'die opdrag aan die hele mensdom' te ondersteun, behou binne hierdie valse kerke en bedieninge vir selfbevrediging.

Ds. Brian Mason (Bible College Wales, Rhos-on-Sea, Wallis, Groot-Brittanje)

## 1] Van die Redakteur:

Beste Brian

Dankie vir u volgehoue belangstelling in Protestantse Reveille, en u groot liefde vir die Evangelie van Jesus Christus en vir die Groot Opdrag.

Daar is baie chaos in die wêreld, en die Kerk is nie geïnsuleerd daarteen nie. Die ontluikende kerk (emergent church) wat van die "Emergent" kerk, 'n amptelike liggaam verskil, mag ware gelowiges insluit wat opgevang is in die afkerigheid van ons tyd vir absolutes en gelowe, spesifiek met betrekking tot die Christelike Geloof. Scott McKnight in Christianity Today, beweer dat 'die groot meerderheid van ontluikende Christene is teologies evangelies'. Aangaande sy gebrek aan stellings van geloof, gaan Scott verder in sy kommentaarlewering oor die siening van die beweging dat geen sistematiese teologie finaal kan wees nie. Hy skryf, 'in hierdie opsig is die ontluikende beweging radikaal hervorm'.

Is dit egter hervormd om teologies onbeslis te wees, en altyd besig om te leer, en om nooit na 'n kennis van die waarheid te kom nie (1 Timoteus 3:7)? Mistiek sal die gevolg wees. 'Dit is die dwaasheid van prediking', wat hulle wat glo, red (1 Korintiërs 1:21). Die swaard van die Gees is die Woord van God, en doktrine is gelyk aan die Evangelie wat aanhoudend verkondig moet word; transformasie is 'n vrug van 'n bekeerde hart en nie die oorsaak nie.

Hou aan met u voorganger, Rees Howell (die Voorbidder) se visie. Onthou wat die Keiser van Ethiopië, Haile Selassie hom een keer vertel het in verband met hulle ou gesegde:

**'Die man wat net God het om te vertrou, kan alle dinge doen en nooit misluk nie.'**

In Jesus, Craig.

## 2] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Hi Craig

Dankie dat u vir my die rowwe konsep van Reveille gestuur het. Ek hoop dat dit orals gelees sal word. Dankie dat u my naam genoem het en dié van my veraf familielid ds. JB Figgis: 'Al is hy dood praat hy nog!'

Ek stuur vir u 'n paar kopieë van (my jongste boek) Africa Calling, om te versprei soos u goed dink. Ek lees tans Traditional Text deur Dean Burgon, en wat 'n seëning behels dit! Dit sit ander skrywers in die skande, insluitend die Lutterworth Bible Dictionary. Weer eens dankie, en alle sukses in Christus .....

*Ek is baie geïnspireerd deur verskeie nuusbriewe wat onlangs uit alle uithoeke gekom het, insluitend u Protestantse Reveille van Suid-Afrika, en nou is daar in my eie kerk 'n opening vir 'n redakteur. Ek doen aansoek om hierdie pos, wat ek hoop 'n werk sal wees wat ek sal kan doen.*

*Nog nuus om te kom, Jim Figgis (Dalbeattie, Skotland).*

## **2] Van die Redakteur:**

Hi Jim

Dankie vir u eposte. Die Kerk van Skotland het rigting nodig, en ons gebed is dat die pos van redakteur 'n persoon benodig wie se gewete lojaal aan die Bybel, die Woord van God is. Mag die goeie Here Jesus dit gunstig vir u laat wees.

In Jesus, Craig.

## **3] Aan die Redakteur (verwerk en verkort):**

*Goeiemôre ds. Hounsom*

*Ek is die ere-redakteur van 'KORRELS', die NG gemeente in Margate se kwartaalblad. Ons wil graag in die volgende vyf uitgawes aandag gee aan die Hervorming – daarvoor het ek leiding, inligting en hulp nodig. 'Google' help 'n bietjie, maar ek wil weet hoe en waar ek meer inligting kan bekom. Ek hoop ek het by die regte deur aangeklop! Ek verstaan dat Protestantse Reveille gebruik mag word om belangstelling in die Hervorming teen geen koste te bevorder, wat ek aanneem beteken dat ek die inligting daarin kan gebruik deur om dit te herdruk, net soos dit is, of in verkorte vorm in 'KORRELS'. Hoe en waar kry ek toegang tot Reveille? Laastens, kan u my verwys na goeie bronne met betrekking tot die Hervorming en spesifiek na die 'Solas'?*

*Dankie vir u tyd en aandag, Elda Pretorius (Margate)*

## **3] Van die Redakteur:**

Geagte mev. Pretorius

Dit is vir my 'n aanmoediging om so 'n navraag van u te ontvang en 'n voorreg om te kan antwoord. U is baie welkom om die inligting te gebruik wat tot u beskikking is, maar ek sal dit opreg waardeer as u erkenning sou gee aan die *Protestantse Reveille* as u bron. Die artikel wat 'n opsomming gee van die 'Vyf Solas van die Hervorming' in ons Hervormingsuitgawe van Oktober 2015, sal weer in ons 2016 uitgawe verskyn.

Ons het u kontakbesonderhede by ons databasis gevoeg om te verseker dat u hierdie en toekomstige uitgawes ontvang. Ons hoop om vir u addisionele materiaal te stuur wat vir u tydskrif relevant mag wees.

Ons wens u God se rykste seën toe met die wonderlike werk wat u as redaktrise doen.

In Jesus, Craig Hounsom (Redakteur: *Protestantse Reveille*)

## **4] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal – verwerk en verkort):**

*Geagte ds. Hounsom*

*PNEUMA SA is 'n inter-dominasie deelnemende Christelike koerant wat in die Wes-Kaap versprei word... Ons vermy dogma en kontroversie en konsentreer op liefdadigheidswerk en dade wat die liefde van Christus uitbeeld.*

*Ons ontvang u hoogs insiggewende en welgeskrewe e-tydskrif van tyd tot tyd en wil graag party artikels en / of uittreksels gebruik.... Die artikels oor **Mary Moffat** en die oudste Engelse **Gemeente in Kaapstad** (wat in ons gebied is), sou veral van belang wees.*

*Hiermee vra ons toestemming om uittreksels en stories te gebruik – natuurlik met volle erkenning aan u en die relevante skrywers....*

*Sien uit na u antwoord.*

*Vriendelike groete, Johan Lottering, Redakteur [**PNEUMA SA** -- Christian Regional News, Hermanus]*

#### **4] Van die Redakteur:**

Beste Johan

U eposte is betekenisvol. *Reveille* beoog om die waarheid met beleefdheid te praat. Mev. Scarborough se artikel oor Mary Moffat het 'n verwantskap wat dit vandag lewe gee. Kaapstad se *Union Congregational Church* (Kongregasionalistiese Kerk), die Engelse moedergemeente, het gehelp om die Christendom na Suidelike Afrika te bring en na die 'agterland' soos dr. David Livingstone binnelandse Afrika gesien het. *Union* se webwerf wat deur Michelle Young (gebore Warrington) opgestel is, is [www.ctucc.co.za](http://www.ctucc.co.za). Hou die vlag of banier van Koning Jesus hoog!

In Jesus, Craig

#### **5] Aan die Redakteur:**

Beste Craig

*Is julle enigins aan die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) gekoppel?*

Basil Smit

#### **5] Van die Redakteur:**

Beste Basil

Goed om te hoor van u en Jacqui.

*Die Protestantse Vereniging van Suid-Afrika (PVSA / PASA) en Protestantse Reveille is nie gekoppel aan die SARK (SACC) nie, wat 'n moderne ekumeniese liggaam is wat 'n algemene affiniteit het met die intergeloof beweging, dws. alle paaie en gelowe lei na die hemel toe. Inklusivisme of Pluralisme. Die Bybel leer dat Jesus die enigste Verlosser van die mensdom is. Hy het dit baie duidelik gesê (Johannes 14:6). Ons mandaat is om te staan op die Woord van God en om nie 'n kompromis aan te gaan nie, soos die SARK doen!*

In Jesus, Craig.

#### **6] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):**

Beste Craig

Groete! My naam is Nick Bekker.

*Ek is die Uitvoerende Direkteur van die 'Overseas Missionary Fellowship' (OMF) Suidelike Afrika. Ek is ook 'n pastoor by Gracepoint Metodiste Kerk in Glenferness, Johannesburg. Ek het teologie gestudeer by die Baptiste Teologiese Kollege ('Baptist Theological College') in Randburg in die laat 90's en was 'n pastoor by Rosebank Union Kerk. In 2003 het ek en my vrou na Thailand as sendelinge gegaan met OMF Internasionaal. Ons het nege jaar in Thailand deurgebring en drie jaar as Internasionale Direkteure by OMF se hoofkwartiere in Singapoer, voor ons terug is na Suid-Afrika aan die einde van 2014 om OMF Suidelike Afrika te herstig.*

*Ek het vandag die Protestantse Reveille ontvang en het gewonder of dit moontlik sou wees om 'n kort artikel oor OMF Suidelike Afrika in te dien. OMF het hulle Suid-Afrikaanse onderneming omtrent sewe jaar gelede gesluit en ons het dit herskep in 'n nuwe formaat – ons werk met vrywilligers en fokus werklik om met die plaaslike kerk as 'n vennoot te werk om werkers na Asië te stuur. Ons het nie kantore of personeel nie, en probeer dus 'n baie anderste model van sendingwerk. Ek is nie seker of dit iets is wat in die Protestantse Reveille kan gaan nie – dit sou nie 'n advertensie wees nie, wat werkers roep om by OMF aan te sluit nie, maar sal eerder inligting verskaf aan kerke wat 'n visie mag hê vir kruiskulturele sendings.*

*Ek sou baie graag meer hieroor met u wil praat. Baie dankie en mag God u seën.*

*Nick (Nick Bekker, Uitvoerende Direkteur, OMF, Suidelike Afrika)*

## 6] Van die Redakteur:

Beste Nick

Dit is wonderlik om te hoor dat die OMF (Sjina Binnelandse Sending -- *China Inland Mission*) weer 'n teenwoordigheid in Suid-Afrika het. Met my bevestiging het ons gebly in Andrew Murray House, Claremont, Kaapstad, u ou hoofkantoor in Suid-Afrika. Don and Sylvia Houlston was die leiers, en Shirley Charlton het so grasieus gehelp.

Sjina is groot nuus – stuur asseblief 'n artikel sodat ons lesers kan sien hoe God werk in die land wat Hudson Taylor liefgehad het, en ook ander streke.

In Jesus, Craig.

## 7] Aan die Redakteur (uit Engels vertaal):

Beste Craig

*Dankie dat u my selfs oorweeg het om u proefkopie van die Reveille Derde Kwartaal te ontvang. Ek het gedink dat die stuk 'Is die Protes Oor? Hervorming 500', baie toepaslik is op die huidige situasie van die Anglikaanse Kerk wêreldwyd. Die artikel oor 'Mary Moffat' was baie roerend, weens die toewyding wat sy getoon het aan haar geloof en haar man. My laaste 'gedagtes' is oor 'Die Aanbidding van God', en ek het gevind dat ek so heeltemal saamgestem het met dr. Kenneth Allen, dat ek 'n afskrif gemaak het vir ons Rektor vir wanneer hy aan die einde van Augustus terugkom van sy verlof! Ek verwag gretig die finale aanlyn kopie.*

*Seën u Broer.*

*Neville Lobb*

## 7] Van die Redakteur:

Beste Neville

Wat 'n aanmoedigende woord. Ek is seker dat mev. Scarborough and Kenny Allen geëer sal wees dat 'n veteraan van die Heer se werk so positief gereageer het. U is 'n groot seën vir die Anglikaanse gemeenskap en die groter kerk. 'n Goeie en getroue dienaar!

In Jesus, Craig.

***'Ek het nog nooit so 'n besoek van God gehad nie sedert ek Hom eers geken het.  
Ek is so gelukkig as wat ek kan wees op aarde,  
en so seker van die hemel asof ek reeds daar is.'***  
(William Grimshaw)

# PROTESTANTSE BOEKSENTRUM

□ Tel: 021 685 3015 □ Faks: 021 685 2618 □ E-pos: [protbookctr@xsinet.co.za](mailto:protbookctr@xsinet.co.za)  
□ Hoofweg 61 – 65 Mowbray 7700 □ Posbus 13068 Mowbray 7705  
Webwerf (word tans herontwerp & hersien): [www.protestantbooks.co.za](http://www.protestantbooks.co.za)

Ons verkoop 'n wye verskeidenheid Bybels, kommentare, naslaanwerke, godsdienstige of geestelike boeke en Bybelstudiehulpmiddels (vir individuele en selgroepe); en nagmaalsbenodighede.

Spesiale pryse binnekort beskikbaar oor 'voorraaduitverkoop' titels!  
***Skakel ons gerus!***



# Boekbesprekings:

## **1] *Serving with Calvin, Leading and Planning Services of Worship in the Reformed Church***

**Terry L Johnson: Evangelical Press: Groot Sagteband: 400pp: £14-99: ISBN 978-1-78397-117-6**

In sy leierskap van die kerk in Genève, het Johannes Calvyn iets van 'n patroon vir kerke in die Hervormde tradisie in hulle bestuur en openbare aanbidding daargestel. Daar was aansienlike variasies sedert die 16de Eeu, nie in die minste in die sing van gesange sowel as psalms en die begeleiding van instrumente nie, maar in die meeste Presbiteriaanse kerke sowel as ander Calvinistiese kerke, is daar nog 'n 'Geneefse gevoel' wat die dienste betref. In hierdie boek gaan Terry Johnson, die predikant van die *Independent Presbyterian Church* in Savannah, Georgia, terug na Calvyn se model vir leiding oor hoe om openbare aanbidding vandag te hou. Johnson argumenteer ten gunste van 'n baie klassieke Hervormde diens en is nogal krities oor onlangse pogings om hulle meer 'soeker-vriendelik' te maak. Ek is nie altyd oortuig deur sy redenasie nie, en hy is baie dogmaties oor dinge waarvoor daar 'n aansienlike graad van vryheid kan wees. Byvoorbeeld, eerbied is 'n baie relatiewe ding wat baie wissel volgens die kultuur en ander dinge. Nietemin is hierdie boek 'n goeie middel tot verbetering van baie van die innovasies wat vandag volop is en sal predikante en ouderlinge lank en hard laat dink oor hoe openbare aanbidding gehou moet word. Sowel as om sy saak Bybels te stel, delf Johnson in die Hervormde tradisie. Terwyl die laasgenoemde nie bepalend is nie, sou ons dwaas wees om dit in die naam van toepaslikheid en eietydshid te ignoreer.

-- Resensie deur Keith Brownwell: *Protestant Truth* (Protestant Truth Society-VK), Maart-April 2016

## **2] *Light from Old Times***

**John Charles Ryle: Banner of Truth Trust: Hardeband: 432pp: £15-00: ISBN 978-1-84871-636-0**

*"Geskiedenis, soos dit met wysheid gesê is, is 'filosofie wat deur voorbeelde leer', en vir geen geskiedenis is daardie gesegde so waar as die geskiedenis van die Kerk nie. Geskiedenis, soos dit weer gesê is, 'het 'n vreemde neiging om homself te herhaal', en 'n noukeurige studie van die geskiedenis van die verlede sal ons baie help om te gis wat in die toekoms sal gebeur"* (bl. 225).

Hier in Biskop Ryle se eie woorde, het ons die regverdiging om geskiedenis te lees en studeer, en veral die Kerk se geskiedenis. Ryle is 'n goeie gids deur die mees onstuimige tye in die geskiedenis van ons nasie (*d.w.s. die Britte*), van Koningin Mary se poging om die Protestantse Hervorming uit te wis, deur die moeilike tye van Aartsbiskop Laud en die vervolging van Nonkonformiste, tot die bloedige regering van James II. Die bundel bestaan uit stukke oor John Wycliffe, John Rogers, John Hooper, Rowland Taylor, Hugh Latimer, John Bradford, Nicholas Ridley, Samuel Ward, William Laud, Richard Baxter, William Gurnall, en James II en die Sewe Biskoppe. Daar is 'n goeie Voorwoord deur Andrew Atherstone, en 'n hoofstuk oor *'Waarom is ons Hervormers verbrand?'* wat die ware implikasies van die aanvaarding van transsubstansiasie wys. In die hoofstuk oor die Sewe Biskoppe is Ryle as 'n storieverteller op sy beste, en hy wys iets van sy vermoë as 'n geskiedkundige -- maar elke reël op elke bladsy moet werklik geweeg word.

Hoe belangrik dit is om die lesse van die geskiedenis te leer word goed gestel deur Ryle -- *'Fariseërs, Jesuïete, aartsketters, in elke eeu, sal oor land en see reis, en geen steen onaangeroer laat nie, om hulle doel te bereik, terwyl die sogenaamde Protestantse soldaat*

*sluimer en slaap*' (bl 242). Die gevaar vir die Protestantisme vandag is groter as wat dit nog ooit was. Lees hierdie boek en word aangemoedig om vas te staan!

Ongelukkig bevat hierdie uitgawe wat nuut geset is, 'n groot hoeveelheid klein, maar irriterende drukfoute.

-- Resensie deur Edward Malcolm: *Protestant Truth* (Protestant Truth Society-VK), Julie-Augustus 2016

***'Moet nie die bediening verag nie, want God het net een Seun gehad,  
en Hy was 'n predikant.'***

(Thomas Goodwin, aangehaal deur prof. GNM Collins)

### ***Protestantse Reveille***

**is die amptelike blad van die *Protestantse Vereniging van Suid-Afrika*.**

[026-692-NPO □ PBO-930007292]

□ Posbus 13068 □ MOWBRAY □ 7705 □ Tel: 021 685 3015 □ Faks: 021 685 2618.

□ E-pos (Redaksioneel): [protestantsa@xsinet.co.za](mailto:protestantsa@xsinet.co.za) □ E-pos (Verspreiding): [protreveille@xsinet.co.za](mailto:protreveille@xsinet.co.za)  
Webwerf: [www.protestantbooks.co.za](http://www.protestantbooks.co.za) [word tans herontwerp & hersien met 'n nuwe domeinnaam]

□ Redakteur: Ds. Craig Hounsom (St John's United Church, PMB, KZN): [stjohnscraig@telkomsa.net](mailto:stjohnscraig@telkomsa.net)  
□ Vertaler: Lydia Koetzee □ Teksversorging: Ivan James

*Verander u kontakbesonderhede?*

**Verwittig ons asseblief daarvan om te verseker dat u Reveille nog spoedig en gereeld in die toekoms sal ontvang.**

U is baie welkom om ***Protestantse Reveille*** aan te stuur na vriende wat belangstel, en hulle te nooi om hul kontakbesonderhede aan ons te stuur.

Huidige en vorige uitgawes van ***Protestantse Reveille*** (Engels & Afrikaans) is **GRATIS** op versoek beskikbaar in gedrukte sowel as elektroniese format ('Adobe' of 'Word' Pdf.) Vorige uitgawes is beskikbaar op versoek.

***Terugvoering en voorstelle*** is welkom -- u is ook welkom om met ons redakteur in verbinding te tree.

*Maak gerus van **Protestantse Reveille** gebruik om belangstelling in Hervorming- en Protestantse aangeleenthede te bevorder.*

*Indien wel, meld asseblief **Protestantse Reveille** as u bron, die naam van die skrywer, en die oorspronklike publikasie (indien van toepassing).*

**Donasies** vir die verspreiding van ***Protestantse Reveille*** en die werk van die ***Protestantse Vereniging*** word hoog waardeer:

- Naam van Rekening: ***Protestantse Vereniging van Suid-Afrika*** □ ***Standard Bank***  
□ Tjekrekeningnommer: ***071391592*** □ Tak: ***Mowbray*** □ Takkode: ***024909***  
□ Deponeerder se Verwysing: ***Gee asseblief u naam en skakel per e-pos, faks of brief.***  
***Baie dankie!***

Protestantse Reveille Hervormingsuitgawe: K4: soos op 21 Oktober 2016: 09:00